TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI

Infoblad 2022
REPO 5009

NAVRAE | ENQUIRIES
Michelle Pieters
021 808 2812
michellep@sun.ac.za

KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Skryf vlymskerp sakeverslae

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Is jy verantwoordelik vir die opstel van verslae? Vind uit hoe om belangrike inligting te identifiseer en op die essensie te fokus om verslae uit die boonste rakke saam te stel.

Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, sal jou met die vaardigheid toerus om moderne sakeverslae te skryf. Jy sal die hoofdoel van 'n verslag kan identifiseer; met 'n stap-vir-stap-benadering sal jy jou inhoud strategies kan beplan en uiteensit; en jy sal die kundigheid hê om logiese dokumente te skep. Die kursus sal jou help om:

- verskillende tipes verslae te verstaan en te besluit watter tipe jou doel die beste sal dien
- jou verslag en die verslagskryfproses te beplan
- inligting te kies en te orden
- formatering, selfrevisie en redigering tot voordeel van jou verslag te gebruik.

Wie is die aanbieders?

Barbara Hathorn is 'n ervare taalpraktisyn met 'n agtergrond in joernalistiek, onderwys, linguistiek, redigering en skryfwerk. Sy is ook 'n volle lid van die Professional Editors' Guild (PEG) in Suid-Afrika. Met haar sagte aanslag is Barbara die ideale aanbieder om kursusgangers te help om 'n goeie besigheidskryfstyl en skryfgewoontes te ontwikkel.

Charmaine Eslick is 'n gesoute onderwyser en dosent met meer as 40 jaar ondervinding. Sy is geduldig en akkommoderend – eienskappe wat 'n veilige ruimte help skep waar mense nuwe vaardighede kan bemeester. Haar humorsin maak dit lekker om in haar geselskap te wees, en haar ervaring in integrale afrigting (*integral coaching*) rus haar toe om 'n positiewe en ondersteunende leeromgewing te skep.

Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Indien jy gereeld oor sakebedrywighede moet rapporteer of sakeverslae moet saamstel en aanbied, is hierdie kursus vir jou!

Hierdie is nie 'n intreevlakkursus nie en ervaring in verslagskryf word sterk aanbeveel. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

Is daar enige voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare web soekenjin benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind dit plaas?

Ons hibriede kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie aanlyn kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	**Regstreekse aanlyn sessies** (10:00 tot 12:00)	**Skryf in voor**
Kursus 1:	31 Maart tot 26 Mei	7, 14, 21 en 28 April, 5 en 12 Mei	28 Maart
Kursus 2:	15 September tot 10 November	22 en 29 September, 6,13, 20 en 27 Oktober	12 September

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee uur per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ongeveer ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R6 248 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier https://bit.ly/2022_REPO_Infopage_forms en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.